# LEERLINGBYDRAES

Leerlinge van die **Laerskool Kruinsig** in Kempton Park en van die **Laerskool Mooirivier** in Potchefstroom het hul onderskeie sienings en waarde van die vak geskiedenis vir **GISTER EN VANDAG** ingestuur. Ons verwelkom sulke bydraes! Vanselfsprekend so.

## Ons plaas dit onveranderd.

### Wat is die vak Geskiedenis vir my werd?



Marisa Wright, Laerskool Kruinsig,

Kempton Park.

*President Paul Kruger se laaste boodskap aan sy volk was: "Neem uit die verlede wat goed en edel is, en bou daarop die toekoms." Omdat die woorde só dikwels deur vele ander belangrike persone uit ons Suid-Afrikaanse geskiedenis herhaal is, kom ek dikwels tot die besef hoe belangrik dit vir enige leerling is om die vak Geskiedenis beter en met groter liefde te bestudeer. So word die kennis opgebou wat nodig is*

*Ons kan selfs ons politiek beter verstaan as ons ons land se geskiedenis beter ken.*

*'n Groot groep leerlinge beskou die vak Geskiedenis as 'n vak wat net geleer en nie geniet moet word nie en besef nie dat kennis van jou eie land se geskiedenis ook kan aanspoor en aanmoedig! Vir my is geskiedenis deel van my erfenis wat vir my mooi is.*

*Deur in my laerskooljare reeds kennis te maak met my land se geskiedenis, gee my 'n trots en 'n lojaliteit teenoor my eie vaderland. Ek leer as Afrikaner-kind dat, wanneer ander volke van hul Napoleon, Nelson of Washington praat, dat ek met trots van ons Piet Retief, Paul Kruger, Steyn en De Wet kan praat.*

*Daarom leer Geskiedenis my,om beginselvas te staan omdat ek kennis het van ons groot gebeurtenisse, ons vyande, ons veranderde omstandighede, ons helde se groot dade maar ook menslike foute.*

*Die studie van Geskiedenis het my belangstelling en waardering in my eie kultuurerfenis aangewakker. Dit het tot kosbare ure saam met my ouers tydens besoeke aan kultuurhistoriese museums gelei. Ek herinner my nou nog aan ons interessante belewenis by die Ou Drosdy te Swellendam.*

*As ek nie die agtergrond van geskiedenis as vak gehad het*

nie, het kosbare gebruike en gewoontes van vroeëre tye by my as mens verbygegaan.

Ek het geleer om waardering te hê vir die klein plattelandse dorpies met die sinkdakhuisies, hoë kerktorings, 'n plaaswerf met 'n kraalmuur, 'n brug of 'n geskiedkundige rivier. Dit sou nooit so tot my gespreek het as ek nie geskiedenis as agtergrond gehad het nie.

Geskiedenis is ook nodig in vele beroepe wat dalk nog my toekomspad mag kruis.

Die vraag is dus nie — of geskiedenis die moete werd is nie, maar eerder hoe ons almal meer waardering daarvoor sal hê, want voorwaar! 'n leerling wat nie haar verlede ken en 'n liefde vir die eie het nie, is soos 'n mens sonder 'n geheue en 'n toekoms.

**My idees oor Geskiedenis**



Frantz Kruger
Laerskool Kruinsig
Kempton Park.

Vandat ek skool begin het so vyf jaar gelede was ek nog altyd lief om te lees. Alles wat ek in die hande kon kry het ek met groot belangstelling gelees en was spyt elke keer as 'n storie klaar was. Ek is seker dat ek op daardie stadium ook alles geglo het as ware feite.

Ek kan nie onthou dat ek die woord "Geskiedenis" ooit gehoor het in Graad 1 en 2 of in Standerd 1 nie. Ek kan wel onthou dat sekere stories wat die onderwyseresse ons toe vertel het, my gefassineer het. Ek kan so goed onthou die stories van Dirkie Uys, van die Zoeloe impi's en was baie hartseer toe ons die les van Racheltjie de Beer behandel het.

In Standerd een het dit vir my belangrik geword om te weet of 'n storie waar of nie waar is nie. Die reis van Dick King het ek saam met hom beleef en een van die hoogtepunte in my Standerd een jaar was sekerlik besoek aan die Krugerhuis en Voortrekkermonument in Pretoria. Al die feite wat aan ons op dié dag vertel was, en al die interessante dinge wat ons dié dag gesien het kan ek nog so goed onthou asof dit gister gebeur het. Dit was sekerlik my groot bekendstelling met "Geskiedenis". Die saadjie was nou geplant en ek wou meer en meer weet.

Een van my gunsteling vakke in Standerd twee was ook, sonder om te aarsel, "Geskiedenis". Hierdie "stories" wat vir my so veel genot verskaf het, het nou 'n naam gekry. Ek het nou met nuwe oë na Kempton Park gekyk; want ons het nou geleer van ons dorp, ons omgewing en al die mense met wie ons elke dag verkeer. Baie interessante dinge omtrent my dorp is nou beklemtoon en ons het geleer van onder andere: Vervoerdienste, die dienste wat die polisie lewer, Gesondheidsdienste en nog baie meer. Gelukkig was daar ook nog van my gunstelingstories oor gebeurtenisse en persone van lank gelede.

Die avonture van die Boesmans, die Hottentotte en later van Van Riebeeck en die Goewerneurs aan die Kaap het my in Standerd drie verbaas. Ek het baie gewonder hoe dit sou wees om in daardie tyd te lewe. Ek het baie simpatie gehad met hul probleme, maar sou nie plekke wou ruil met die oosgrensboere toe die Engelse die Kaap beset het nie.

Uiteindelik het ek in Standerd vier beland en dadelik het ek besef dat ons nie nou meer te doen het met net interessante stories nie, maar dat ons nou gekom het by die ontwikkeling van ons land. Teen die einde van die jaar sal ek weet hoe ons land 'n Republiek geword het en ontwikkel het as een van die Wêreldleiers in die verskaffing van Goud en Diamante.

As ek na al die geskiedenisboeke in die biblioteek kyk dan besef ek dat wat ek al geleer het net 'n druppel in die emmer is, en daar nog baie jare van interessante "ware" stories voorlê.

**DIE GROOT TREK AS LEIDRAAD EN VOORBEELD VAN NASIONALE VORMING**



Pieter Serfontein, St. V,
Laerskool Mooirivier,
Potchefstroom

Die nasionale politieke metode van die Groot Trek was die "manlike" of "manhaftige" in teenstelling met die diplomatiese. Die diplomatiese sou gewees het om in die Kaapkolonie te bly en langs konstitusionele weë beheer oor die Kaapse Regering te kry.

Die gevolg van die metode deur die Groot Trek was die skepping van 'n heldetradisie wat tot in die nageslagte van die hele Afrikanerdom besielend sou werk en die Nasionaal-politieke bewussyn verder sou prikkel, tot die weg van vryheid, tot die "manlike" metode en tot heldedade. Hierdie nasionale vorming het so vasgegroei in die nasionale karakter van die Afrikanervolk dat ons steeds vele voorbeelde van moderne heldedade op ons grense in ons stryd teen voortbestaan in Suid-Afrika, kry.

Dit was 'n saak van moed en durf om die woeste noorde in te trek en daarop het noodwendig gevolg volharding, moed en durf om die ingeslane weg tot die end te bewandel. Daar was genoeg rede om moedeloos te word en aan moedeloosheid het dit somtyds ook nie ontbreek nie, waarby die verlange terug na die Kaapkolonie opgekom het.

Die Voortrekkers het, onder sekere beperkinge, hulle beleid nie ingerig orenkomstig die omstandighede nie. Hulle het nie gewag dat die omstandighede so moet verander dat hulle sonder slag of stoot 'n Republiek sou kry nie. Hulle het die teenoorgestelde gedoen en die omstandighede onderwerp aan hul beleid, 'n nasionale karaktervorming, wat vandag nog bydra tot die handhawing van die Afrikaner in Afrika.

Die Voortrekkers het nie gewag tot daar brûe oor die riviere en 'n teerpad oor die Drakensberge sou wees nie; hulle kon sonder 'n brug deurkom en 'n pad kon hulle baan oor die berge. Dit was 'n ruwe pad, maar hulle het hul doel bereik. Hulle het weliswaar die land in billikheid van die swart nasies geruil en nie afgeneem nie, maar toe dit blyk dat die swart nasies verraad pleeg, bewus van die mag van die barbaredom, het die Voortrekkers nie tou opgegooi en gesê. "Ons sal wag tot die omstandighede gunstiger word" nie. Hulle het die omstandighede van die barbaredom onderwerp en daarin 'n heldetradisie gelewer wat 'n blywende stempel afgedruk het op die vorming van die nasionale karakter van die Afrikaner.

Deur die omstandighede te oorwin het die Voortrekkers die beskawing gevestig en met 'n onwrikbare geloof in die Almag van God, nuwe omstandighede geskep vir die nasie wat hulle besig was om te bou. In die heldetradisie, wat vanaf die tyd van die Groot Trek opgebou is in die nasionale vorming, is die hartklop van die Afrikanernasie.

Geskiedenis is 'n baie interessante vak en mens moet belang stel daarin om deur te kom. Die Groot Trek is iets wat my baie tref in die vak waarvan ek baie hou.

## GESKIEDENIS EN DIE BETEKENIS DAARVAN VIR MY



*Org Nieuwoudt, St. V,*
*Laerskool Mooirivier,*
*Potchefstroom*

*As ek so na Geskiedenis as vak kyk, kom ek agter dat dit eintlik baie interessant is. Aan die anderkant, die wat nie van Geskiedenis hou nie, druip gewoonlik. Net jy self kan besluit of jy daarvan hou of nie. As jy nie goeie bande met jou onderwyser het nie sal jy ook nie wil werk nie, maar dis jy wat kan presteer, nie jou onnie nie. Hy't dit klaar gedoen.*

*Die vak is baie kennisverrykend deurdat dit jou meer van ander streke en jou land leer en hoe dit 'n paar jaar terug was. Ek dink byvoorbeeld aan Marco Polo en sy vader en oom se reise in Asië en Europa. Vasco de Gama, Bartholomeu Dias, Christophorus Columbus en baie ander se ontdekkingsreise.*

*Jou kennis kan jou handig te pas kom as groeiende en volwasse mens. Soos byvoorbeeld in kompetisies soos Flinkdink, What a Win op die Televisie en Ken jy die Land oor die radio, maar moenie dink as jy standerd 5-Geskiedenis deurkom dat jy nou volleerd is nie. Onthou net mens is nooit te oud om te leer nie. Jy kan makliker 'n werk kry by die S.A.U.K. of naastenby so 'n werkgewer.*

*Geskiedenis help met groepvorming, want as jy in 'n groep van maats is en hulle weet baie van die vak, sal jy mos ook soos jou maats wil wees, sodat jy goed kan inpas. Dis tog baie lekkerder om oor interessante dinge te praat as almal verstaan en die geskiedenis daarvan ken. Ek sal nie graag vir my maats heeltyd wil verduidelik wat ek van praat nie.*

*Die slegte gewoonte om ons land te bemors word deur Geskiedenis plek-plek gedemp. Vorm jou persoonlikheid en karakter as jy weet hoe ons voorouers geswoeg en gesweet het vir 'n eie regering en land sal jy nie baie goed voel as jy a papier rondstrooi nie. Dus kan jy dan meer respek vir ander hê en beter maniere. Ek persoonlik hou meer van mense met 'n goeie persoonlikheid as al die wintie ouens wat dink dat hulle die baas is.*

*Religieuse vorming is 'n groot begrip, maar dit beteken net godsdienstige vorming. Die Slag van Bloedrivier en eintlik deur al die oorloë waarin die Boere geveg het, het God hul vergesel en al het hulle nie altyd die oorwinning behaal nie, het hulle nie moed verloor nie. Om terug te keer na die Slag van Bloedrivier, Sarel Cilliers het die gelofte voorgesê en hulle het sy voorbeeld gevolg. Dit was Sondag, 9 Desember 1938. God het hulle gehelp en na baie oorloë het ons ons eie land en regering verkry. As jy daaraan en aan ander geleenthede waar beloftes afgelê is dink, dan weet jy God is die Enigste.*

*Jou gesindheid teenoor 'n vak word ook net deur jouself bepaal. As jy dus nie jou huiswerk of ander werk doen nie, is dit nie jou onderwyser se skuld nie, dis joune en dan moet jy jou gesindheid gou verander as jy die vak wil deurkom. Ek meen daar's nie een wat nie omgee hoeveel hy kry nie. Dis hy wat 'n standerd moet oordoen as sy maats vorentoe skuif. As hy uit die skool gaan, dan is hy 'n jaar agter sy vriende wat inkomste betref.*

*Geskiedenis help om 'n groot liefde teenoor jou land op te bou. Soos byvoorbeeld as daar oorlog met Rusland kom gaar almal mos saam veg, ongeag aan watter party of ras hy behoort.*

## WAT EK UIT DIE GESKIEDENIS LEER



Estelle Janson, St V
Laerskool Mooirivier,
Potchefstroom

*Geskiedenis is die vak wat mens leer van jou voorouers, die stigting van ons land en die ontdekking van die moderne tegnologie. Geskiedenis leer mens om jou land lief te hê en vir hom te veg soos wat jou voorouers daarvoor geveg het. Wat my besonder tref is republiekwording.*

*Die Afrikaners het almal omtrent in die Kaap gewoon. Baie was om die Oosgrens gesentreer, maar hulle het probleme met die Xhosa's gekry. Verder was daar ook die taalkwessie in die Kaap. Die Afrikaners kon nie Engels praat nie en die kerke, skole en hawe het alles verengels. Hulle het bedreig gevoel en noordwaarts begin trek na Natal, Transvaal en die Vrystaat.*

*Die Afrikaners wat in Natal gewoon het, het 'n republiek gestig in 1838. Hier kon hulle nou onafhanklik woon, egter ook nie lank nie. Die Britte wou die hele land hê en in 1842 annekseer T.C. Smith die Republiek Natalia en dit word Britse gebied. Die Boere trek weer oor die Drakensberge, na die Vrystaat en Transvaal.*

*Hier was hulle nou wel onafhanklik, maar die Boere was baie arm en daar was nie genoeg weivelde vir vee nie. Diamante word egter ontdek in 1867 deur 'n seuntjie, Schalk Jacobs, op 'n plaas naby Hopetown. Hier het daar nou baie mense kom woon. In die Oos-Transvaal word daar ook nou spoelgoud naby Pelgrimsrus ontdek. Baie mense wil nou trek Oos-Transvaal toe, maar die tsetsevlieg en malariamuskiet keer hulle. In 1886 word daar ook goud op Langlaagte ontdek en op Randjieslaagte word Johannesburg gestig. Hier het Transvaal en die Vrystaat begin om ryk te word, dorpe is gestig en mense het in hul duisende gestroom na dié twee provinsies. Johannesburg ontwikkel ook in 'n groot stad met wolkekrabbers en elektrisiteit. Oral waar jy kyk, 'n regte betonoerwoud.*

*Ons land het nou weer begin ryk word a.g.v. die ontdekking van diamante en goud en Engeland het nou nog meer daarin belanggestel om Transvaal en die Vrystaat te annekseer. Die Boere wou egter nie toegee nie en daar het 'n stryd ontstaan tussen die Boere en die Britte. Die stryd het so erg geword dat die Eerste Vryheidsoorlog in 1880 uitgebreek het. Die Boere het, na 'n kort geveg, die oorlog gewen. Vir 'n ruk lank was hulle nou vry en onafhanklik. Die Britte het nog lank nie opgegee nie. Hulle wou die hele land onder die Britse vlag plaas.*

*Weer eens het daar 'n stryd ontstaan. Die keer breek die Anglo Boereoorlog in 1899 uit. Dit was 'n langer stryd en in 1902 gee die Boere oor. Die Britte het die Boere-vroue en kinders na die konsentrasiekampe gestuur. Die krygsgevangenis is weggestuur na Ceylon, Bermuda en St. Helena. In 1902 word die Vrede van Vereeniging onderteken en die Boere keer terug na hulle plase.*

*Die Boere was baie ontevrede. Hulle het uit die Kaap en Natal getrek op soek na vryheid, maar weer is hulle vryheid hulle ontneem. Uiteindelik het Brittanje die toestemming aan die Boere verleen om 'n Unie te stig. Op 31 Mei 1910 is die Unie van Suid-Afrika gestig met vier provinsies, maar hulle is nog onder die Britse vlag en dus nog nie heeltemal vry nie.*

*In 1925 word Afrikaans, saam met Engels, as landstaal erken, in plaas van Nederlands. Suid-Afrika kry ook nou sy vlag in*

1928. Daarna volg die simboliese ossewatrek in 1938. Die Nasionale party ontwikkel ook nou en hulle wen die verkiesing in 1948.

Die drang om onafhanklik te wees was nou baie sterk. Brittanje was ook nie meer so gretig om Suid-Afrika te behou nie. In 1961 onttrek Suid-Afrika hom van die Statebond en op 31 Mei word ons land toe uiteindelik 'n republiek.

Hierdie stukkie geskiedenis wys ons deur hoeveel moeilikheid ons voorouers gegaan het om hierdie land vir ons en ons kleinkinders te behou. Hulle het nie opgegee nie en dit wys ons opnuut dat "aanhouer wen:" Danksy hulle kan ons vandag in 'n land bly wat ons ons eie kan noem, waarvoor ons kan omgee en het ons stemreg. Daarom moet ons ook, soos ons voorouers vir ons land geveg het, veg vir ons land en ten volle van ons stemreg gebruik maak om van hierdie land 'n sukses te maak!!

**HOEKOM EK VAN GESKIEDENIS HOU**



Caro de Waal, St V
Laerskool Mooirivier,
Potchefstroom

Geskiedenis sluit alles in wat in die verlede gebeur het tot en met vandag. Geskiedenis gee dus vir ons die verhaal van die veranderings wat die mensdom met die verloop van die eeue deurgemaak het. In die moderne samelewing word die klem sterk laat val op die nuttige vakke wat skoliere moet oplei vir 'n goeie verdienste. Mense het dus begin twyfel aan die nut van Geskiedenis. Vir my het die kennis van die verlede egter waarde vir een en almal.

Die mens het 'n sterk begeerte om meer te weet van homself en sy medemens. Geskiedenis verryk ons kennis deur ons in aanraking te bring met die ervaringe van die vorige geslagte. Dit leer ons hul stryd en opofferinge begryp en waardeer. Geskiedenis leer ons die herkoms van ons eie kultuur ken en bring ons in aanraking met ander volke en kulture. Só leer ons hoe ons by die res van die wêreld inskakel en watter faktore op ons ontstaan en ontwikkeling 'n invloed uitgeoefen het. Die kennis wat ons opdoen oor ontwikkelinge buite ons grense laat ons ons eie situasie beter begryp.

Kennis van geskiedenis help ons om verantwoordelike staatsburgers te word sodat ons eendag ons plek in die samelewing kan volstaan. Geskiedenis leer ons hoe die staatsinstellinge van ons land ontwikkel het en watter beginsels belangrik is in ons landsbestur. So leer ons wat ons pligte as landsburgers is en dat ons die Wet moet gehoorsaam. Dit verhoed ook dat vreemde idees ons nie sommer so maklik beïnvloed nie.

Die verhaal van ons land en sy groot manne en hoe hul vir ons land geworstel en gewerk het, laat 'n gevoel van respek vir hul opofferings by ons ontstaan. As ons deur ons land reis en geskiedkundige plekke besoek, waar daar dikwels monumente opgerig is, is ons baie nuuskierig om die storie agter die monument te hoor. Dit toon 'n begeerte om meer van ons volk en sy voorgeslagte te wil weet. As jy voor die standbeeld van Paul Kruger staan kom 'n gevoel van trots by jou op. Die standbeeld van Totius wek 'n gevoel van eerbied en respek. Die uitbeelding van die Slag van Bloedrivier e.a. ervarings van die Voortrekkers op die mure van die Voortrekkermonument, bring 'n gemengde gevoel van hartseer, dankbaarheid, trots en krag. Ons leer dan om ons land lief te hê en trou te bly aan ons eie nasie.

Ons land sluit 'n groot verskeidenheid groepe, elk met sy eie taal en kultuur, in. Geskiedenis help ons om die kultuur van ander groepe te leer verstaan en te respekteer. Só leer ons aan die een kant ons eie kultuur beter begryp, maar sien ons ook in dat daar meer as een standpunt of lewenswyse kan bestaan. Sonder dat ons ons eie taal, godsdiens, volksgewoontes en tradisies prysgee, help kennis van ander kulture ons om ons gees te verryk.

Ek hou daarvan om meer te wete te kom van die antieke volkere wat só van die moderne volke verskil het. Dit is interessant om te lees van hulle verskillende uitvindings en hoe dit die moderne wetenskap vandag nog beïnvloed. Die kennis van die ou wetenskaplike sterrekundiges soos Aristarchus vorm die basis van ons huidige kennis van die aarde en ander planete en hemelliggame. Só het Hippokrates en ander beroemde geneeskundiges soos Rhazes, bv. ook 'n groot invloed op die westerse geneeskunde uitgeoefen.

Die geskiedenis leer ons baie van die lewe en van die mens self. Dit leer ons om krities te kyk na alle kante van 'n saak sodat ons nie oordeel voordat ons alle omstandighede ondersoek het nie. Dit help ons om later in ons eie lewe ook krities en eerlik oor 'n saak te kan besluit.

Een van die belangrikste waardes van geskiedenis is dat dit help om die leerling se persoonlikheid en karakter te vorm. Ons leer van groot manne en vroue en hoe hulle in moeilike situasies opgetree het. Hulle ideale en sterk karakters kan ons inspireer om ook hoë ideale te stel en hul voorbeeld na te volg. Só word ons aangemoedig om ons beste te lewer en ontwikkel ons elkeen in 'n man of vrou wat ook vir óns kinders as voorbeeld kan dien.

Laaste maar nie die minste nie, lê die groot aantrekkingskrag van geskiedenis vir my in sy oneindige hoeveelheid pragtige verhale. Watter leerling vergeet ooit die eerste keer dat hy gehoor het van Racheltjie de Beer of Wolraad Woltemade? Watter seun het nog nie gedroom van 'n lewe soos dié van die ontdekkingsreisiger, Columbus nie? Sonder geskiedenis sou daar veel vir ons verlore wees!

**WAAROM ONS GESKIEDENIS LEER**



Maja van Urk, St V
Laerskool Mooirivier,
Potchefstroom

'n Volk wat sy verlede vergeet het, het geen toekoms nie. Is ons nie miskien besig om ons verlede te verwaarloos nie? Of om dalk net aan die dag van môre te dink en gister te vergeet? Geskiedenis is 'n wegwyser op ons pad na die toekoms. Nie net dat ons uit ons voorvaders se foute geleer het nie maar ook dat ons weet die Afrikaners is mense van trots, mense wat gevare deurstaan het en veg vir hul reg.

Maar, hoekom moet ons vandag geskiedenis leer? Het dit nog enige nut vir ons? Kan ons nog foute maak in hierdie moderne wêreld? Of leer ons dit maar net omdat ons net wil sê ons het darem nie ons verlede vergeet nie.

As ons terug gaan na die oudste geskiedenis, wat almal tref, gaan ons terug na die Bybel. Deur hierdie geskiedenis van Adam en Eva, die eerste mense, Abraham, wat rondgetrek het met sy slawe, familie en diere en later 'n stamvader, die vader van 'n volk geword het, wondertekens deur die Seun van God en ook Sy opstanding, besef die mens ons moet in Hom glo en Hom vereer. Sodoende is God ook 'n wandelstok op ons pad na die toekoms.

As ons aanstap met die tyd, bevind ons in die Heilige Land, Palestina, wat beset is deur die Turke. Omdat die Christene dié land liefgehad het, het die kruistogte onstaan. Die

*kruistogte het 'n belangrike gevolg gehad; die mens het avontuurlustig geword en wou graag ander lander ontdek. Sodoende is lande soos China, Japan, Amerika en Indië ontdek. In Nederland is die Here XVII gestig en in opdrag van die Here XVII stig Jan van Riebeeck 'n halwegstasie aan die Kaap.*

*Suid-Afrika se geskiedenis begin:*

*'n Volk het in die Kaap ontstaan en besluit om meer na die binneland te trek. Verskeie gevare is oorwin en sodoende is dorpe gestig. Hier waar sosiale vorming plaasgevind het.*

*Maar Suid-Afrika het ook deur 'n tyd vol probleme gegaan. Dink maar aan die ontdekking van diamante. Duisende Uitlanders het die land binnegestroom. Met die ontdekking van goud het die Uitlanders byna die parlement in duie laat stort. Maar met die regte optrede is hulle gestuit.*

*Vandag is Suid-Afrika 'n pragtige land, ryk aan minerale en natuurskoon en ons het hierdie land help ontwikkel deur die foute van ons voorvaders reg te stel.*

*Geskiedenis is baie belangrik vir ons om te weet wie en wat ons is. As ons kinders nie meer geskiedenis wil leer nie wat sal van hulle, die leiers van die toekoms, word? Al gaan ons land ook deur talle probleme, kan ons die antwoord in ons verlede gaan soek. Ons het geskiedenis nodig al dink party mens nie so nie. Geskiedenis is vir my baie belangrik omdat dit my veilig laat voel en omdat dit 'n steunpilaar vir ons land is. Ons land het 'n goeie en roemryke verlede en niemand sal ooit kan sê ons het 'n vuil verlede nie!*

*Geskiedenis is die storie van die mens, van volkere, vooruitgang en ontwikkeling. Enige volk moet trots wees op sy verlede en sy volk. Want, soos ook in die verlede, moet hy telkemale die drang hê om verder te ontwikkel, om meer oor sy geskiedenis te leer en te ontdek.*

*Sonder hierdie drang om meer uit te vind, te ontdek en te ontwikkel, sal die volk tot niet gaan en verdwyn.*

*Geskiedenis is 'n moet vir almal, oud en jonk. As jy jou volk se geskiedenis ken sal jy hom meer ondersteun want jy weet jou voorouers het geveg daarvoor en oorwin. Vandag nog is geskiedenis nodig vir ons, soos ons daaglikse brood. Ons kan en mag dit nie vergeet nie want daarsonder is jou volk verlore. 'n Volk wat sy verlede vergeet het, het geen toekoms.*

**IETS OOR GESKIEDENIS WAT MY TREF**



Hannes Grobler, St V
Laerskool Mooirivier,
Potchefstroom.

*Om van geskiedenis te kan hou is daar 'n aantal vereistes waaraan jy moet voldoen. Een van hulle is jou gesindheid. As 'n mens nie belangstelling toon in die vak nie, kan dit onmoontlik vir jou lekker wees. Net so kan iemand nie sê hy stel in Aardrykskunde belang en nie eers weet hoeveel kontinente daar is nie. Met ander woorde mens moet weet waaroor dit gaan.*

*Geskiedenis lewer na my mening 'n belangrike bydrae tot die mens se kennisverryking. Dit verryk mens op vele vlakke, bv. burgerlik, kultureel en sosiaal om nie eers te praat oor hoe dit jou persoonlikheidsvorming beïnvloed nie.*

*Hier volg 'n paar punte wat en dink baie belangrik is as mens na Geskiedenis kyk.*

1. **Burgelike vorming**

   *Ek dink burgerlike en nasionale geskiedenis moet saam na gekyk word. 'n Land se eie geskiedenis is ook die geskiedenis waartoe die inwoners van die sekere land hul die meeste op toespits. Ons ken die geskiedenis van die Slag van Bloedrivier baie beter as die van die ontdekking van skrif, al is dit vir ons ewe belangrik. Nogtans moet die geskiedenis van die ou volkere met al hul ontdekkings nie verwaarloos word nie. 'n Land se eie geskiedenis laat die inwoners mekaar beter verstaan en hegter tot mekaar lewe. As mens in besonder na Suid-Afrika se geskiedenis kyk en hoe die Voortrekkers deur dik en dun bymekaar gestaan het, dink ek dit beteken baie vir ons as Suid-Afrikaners.*

2. **Kulturele vorming**

   *As dit nie vir ons burgerlike geskiedenis was nie, sou ons seker ook nie 'n kulturele geskiedenis gehad het nie. Watter volk kan 'n kultuur hê as hulle nie eers weet wat hulle voorouers gedoen het nie. Suid-Afrika se kultuur bestaan uit volkspele, volksang en allerhande ander dinge wat sedert Jan van Riebeeck in Kaap aangekom het, beoefen word. Ons kulturele erfenis word aan die jeug oorgedra deur 'n beweging soos die Voortrekkers.*

3. **Religieuse vorming**

   *Die Bybel is, as mens dit so kan noem, 'n geskiedenisboek waarin al die godsdienstige gebeure vanaf die skepping tot 'n paar jaar na Jesus se dood opgeteken staan. Die religieuse geskiedenis verryk en beïnvloed ons baie. Dink maar aan al die verskillende gelowe wat ons ken. Almal het 'n rede vir dit waarin hulle glo.*

4. **Sosiale vorming**

   *Die sosiale geskiedenis gaan oor groepe mense wat saamgewoon het en later volke geword het. Sulke volke het partykeer te beknop geraak en dan oorlog gevoer met die buurlande om groter grondbesit. Dit gebeur tot vandag toe nog dat party state nie tevrede is met die hoeveelheid grond wat hulle het nie en dan oorlog voer met ander lande om hulle grond te probeer afneem. Nog 'n groot kenmerk van die sosiale geskiedenis is mode. Dit is interessant om te sien dat daar so 'n groot verskil in die kleremodes oor die verskillende tydperke was.*

*Opsommend kan gesê word dat die kennis en insig in geskiedenis van jou 'n beter mens maak, omdat jy uit ander mense se foute kan leer.*

'n Tweede groep leerlinge, almal uit die standerd 3-klas van die **Laerskool Louw Geldenhuys** in Linden, Johannesburg, het 'n les oor die Franse Hugenote gehad. Hulle moes ná die les 'n nuusberriggie skryf oor die Hugenote. Hier is drie beriggies en 'n plakkaat wat die Hugenote uitnooi om hulle aan die Kaap te vestig:

**VLUGTELINGE LAND IN TAFELBAAI**

*13 April 1688 - Tafelbaai - 'n Groep Franse Hugenote, bestaande uit 13 mans, 4 vrouens en 6 kinders, het vanoggend in Tafelbaai aan wal gekom. Hulle is almal Protestante uit Frankryk wat na die herroeping van die Edik van Nantes vir hulle lewens uit Frankryk moes vlug. Hulle sal hulle nou hier in die Kaap kom vestig en geregtig wees om hulle Protestantse geloof uit leef.*

*Een van die Hugenote, mnr Charles Marais, het in 'n onderhoud aan my gesê dat hulle ervaring het van wynmaak en dat hulle graag met druiwe sou wou boer en wyn maak.*

*Daar was 'n groot groep mense om die Hugenote by die hawe te verwelkom met kos en vrugte.*

Mien-Marié Reynecke

**EDIK VAN NANTES HERROEP**

*Die wet wat godsdiensvryheid aan Franse Protestante verleen het, is herroep en duisdende van hulle vlug uit Frankryk.*

*Die Here XVII van Nederland sien nou 'n geleentheid om van hulle na die Kaap die Goeie Hoop te stuur om kommandeur Simon van der Stel se probleem om geskikte landbouers te kry, op te los. Die Franse Hugenote is uitstekende landbouers, wynboere en brandwynstokers.*

*Na verneem word, sal die vlugtelinge vry passaat na die Kaap ontvang, soveel grond kry as wat hul kan bewerk en genoeg gereedskap. Hulle moes omtrent 15 jaar in die Kaap vertoef en 'n eed van getrouheid aflê. Die Franse sien nie baie uit na die reis nie want die afstand is groot en die skepies is klein.*

Franciska Kok

**VERSKRIKLIKE LOT TREF FRANSE PROTESTANTE**

*Daar is duisende Franse Protestante wat vlug oor die grens want daar is nie meer godsdiensvryheid nie. Gru-moorde word veroorsaak deur Lodewyk XIV se soldate. Slagoffers word lewendig verbrand op brandstapel, huise word afgebrand, skole en kerke word gesluit. Is dit nie wreed nie! Hulle vlug na Duitsland, Engeland en Holland. So baie vlugtelinge stroom Holland binne dat die Here XVII opdrag moes gee dat 'n paar Hugenote Kaap toe moes gaan.*

*Daar was voorwaardes, nl:*

- *Reisgeld is verniet.*
- *Hulle sou elkeen 'n plaas kry.*
- *Gereedskap sou goedkoop aan hulle verkoop word en skuld sou toegestaan word aan die armes.*
- *Hulle moes sweer om vir minstens 15 jaar aan die Kaap te bly.*
- *Hulle kon hul eie predikant bring.*

*In 1688 was daar al 180 Franse Hugenote aan die Kaap. Hulle het later goed Nederlands gepraat. Hulle was so goed in die maak van wyn dat die Kaap se wynbedryf baie verbeter het. Die Franse Hugenote was baie lief vir vryheid, hulle kerk en geloof. Die liefde wat hulle vir Frankryk gehad het, het hulle vir Suid-Afrika gegee. Die mense met die vanne bv. Bruwer, Hugo, Fourie, Joubert en Du Toit, selfs nog baie ander, herinner ons aan die Franse Hugenote.*

Hannelie van Staden

**AAN ALLE FRANSE HUGENOTE**

**BEGEER U**

- *Geloofsvryheid?*
- *'n Eie plaas?*
- *'n Nuwe lewe in 'n nuwe land?*

*Kom na die Kaap die Goeie Hoop en ontvang die volgende*

*Geloofsvryheid en 'n eie predikant*
*'n Eie plaas gratis*
*Plaasimplemente verniet*
*Uitstel van betaling van skuld*
*'n Gratis reis na die Kaap*

*Doen aansoek by die Here XVII van die Nederlandse Oos-Indiese Kompanjie.*

*Al wat u hoef te doen is om ten minste 15 jaar in die Kaap te bly en 'n eed van getrouheid teenoor die Kompanjie af te lê.*

'n Derde groep moes hulle verbeel hulle neem aan die slag van Majuba deel. Die leerlinge kon 'n dagboekinskrywing of 'n brief skryf na aanleiding van die gebeure. Dié leerlinge is uit die standerd 4-klas van die **Laerskool Fontainebleau** in Randburg.

**DIE EERSTE VRYHEIDSOORLOG**

*Dit was 'n vreeslike oorlog. Die geweervuur was baie erg. Ons het onderdeur die koeëls beweeg en agter die struike en klippe weggekruip, party van die Boere het al begin om teen die berghange op te beweeg. Ek was een. Ek was bang dat ek miskien raak geskiet sou word. Wat sou dan van my vrou, Maria, word en my sewe kinders? Ons kon elke beweging van hulle dophou. Met daardie Krismisklere het hulle uitgestaan soos 'n jakkals tussen hoenders, kan jy glo dat hulle hierdie helder rooi baadjies, 'n blou broek en wit helm aangehad het. Toe hulle hul weer kom kry, was ons hier reg onder hul neuse.*

*Hulle het begin skiet, maar kon nie mooi sien waar ons was nie. Die koeëls het oor ons gereën. Die Britte was vreesbevange en sodra daar 'n geweerskoot na een van hulle geskiet is, het hulle hul hande op hul kop gesit en neergeval. Die Britte het rond gehardloop en by kranse afgespring, party het aan die rotse en struike bly hang.*

Angelique Human

**DIE SLAG VAN AMAJUBA**

*My hart klop in my keel! As ons nie vandag wen nie, sal ons noóit onafhanklik kan wees nie. Ek is een van 150 man wat onder leiding van Generaal Piet Joubert Amajuba uitklim. As die Britte hier verby kom, sal die pad na Transvaal vir hulle oop wees.*

*Ons is seker dat Colley dit ook besef, daarom het hy in die nag die berg met 350 man beset. Dit was 'n onaangename verrassing vir ons toe ons vanmôre wakker skrik en die Rooibaadjies op Amajuba gewaar. "Hulle moet daar af!" het Piet Joubert ons beveel. Dis dié dat ons nou hier teen die berg opsukkel.*

*Dit is omtrent twaalfuur en ons nader die kruin nou vinnig. Dit lyk vir my of so ongeveer sewentig man binnekort sou bo wees.*

*My keel brand maar ek klim voort. Skielik kom die bevel: "Vuur." Ek voel hoe my geweer teen my skouer ruk. My ore hoor niks anders as 'n klomp geweerskote nie. Die skote vanaf die berg het minder geword en naderhand opgehou.*

*'n Groot aantal Britse soldate het gesneuwel en daar is baie gewondes. Ek hoor dat daar aan ons kant net een man dood is. Die vreugde is ons harte is groot.*

Nicola Ferreira

Die St. 2 - leerlinge van die **Laerskool Gustav Preller** in Roodepoort het weer 'n opdraggie gekry om hulle in die rol van die ontdekkingsreisiger, William Burchell, in te verbeel. Vir die doel het hulle 'n dagboekinskrywing op grond van sy ervaring geïmproviseer. Hier is 'n paar van die "inskrywings".

*Ek is vandag baie moeg na die lang rit op die stamperige ossewa. Ek het vandag op 'n onbekende spoor afgekom. Dit was 'n ronde spoor met drie dieper sirkels. Tot my verbasing was dit dié van 'n lopende kussing. Die kenmerkendsté eienskap van hierdie reptiel is sy dop wat in twee verdeel is. Hy het nie tande nie, maar 'n snawel en hy eet blare. Die lopende kussing kan meer as 'n honderd jaar lewe. Ek het toe uitgevind dat die lopende kussing altyd 'n skilpad was!*

Nadia Els

*Ons was besig om 'n bietjie te rus. Skielik hoor ons 'n gromgeluid. Ons almal skrik. Ons sien toe twee groot gespikkelde katte. Ons hardloop om 'n slaanding te kry. Die een bestorm my draer, maar hy slaan hom met 'n stomp. Gelukkig hardloop altwee toe weg. Dit was toe net twee honger luiperds.*

Melanie Styger

*Ek het vanoggend in die veld gaan stap toe daar skielik 'n leeu voor my staan. Hy het my aangestaar met 'n honger kyk in sy oë. Ek het my boeglam geskrik en om my gekyk vir 'n uitkoms. Die enigste uitweg was 'n groot doringboom skuins agter my. Sekondes later was ek in die boom en die honger leeu het verlangend na my opgekyk. So het ek daardie koue wintersnag deurgebring. Gelukkig het die leeu besluit om vroeg die volgende oggend by sy makkers aan te sluit by die watergat en kon ek afklim en vinnig kamp toe hardloop.*

Karin van Biljon

*Ons het op spore afgekom. Ons het dit gevolg. Toe ons op die dier afkom, het die dier gebrul en reggemaak om te spring. Dit was 'n maanhaar. Ons het vir ons lewens gevlug. Daardie dag het ek vir my skaduwee weggehardloop!*

Estelle de Koker

*Ek het die binneland verken. Dit was 'n lang reis. Ek het stilgehou om water te drink. Ek het sommer veldvrugte en bessies ook geëet. Daar was 'n snaakse ding wat skielik uit die water gekom het, dit het groter en langer geword soos dit uitkom. Skielik was dit yslik groot. Dit het gelyk soos 'n perd — daarom het ek dit 'n rivierperd genoem.*

Loulette Tait

*Ons het vandag op 'n spoor afgekom — ons het die spoor gevolg en op 'n eienaardige ding afgekom. Hy het 'n lang nek gehad en bruin kolle op sy geel vel wat lyk of dit geverf is, sy oë is bruin en hy het klein ore. Hy het omtrent 'n probleem gehad om water te drink! Hy het opgestaan vanwaar hy water gedrink het en aan 'n hoë boom se blare begin eet. Ons het hom sommer 'n langnekblaarvreter genoem. Ons was nie vir hom bang nie, want hy het vredeliewend voorgekom. 'n Interessante wêreld dié!*

Gizelda Robbertze

*Vandag het ek 'n grot ontdek. In die grot het ek Boesmantekeninge gevind. Die rotstekeninge was hoofsaaklik van diere en mense. Die kleure wat gebruik is, is wit, rooibruin en swart. Op die grotvloer was oorblyfsels van die Boesmans se kunsgereedskap en verf. 'n Geluid agter in die grot het my laat omswaai. Ek het oor 'n klip gestruikel en per ongeluk 'n geweerskoot afgetrek. Toe ek orent kom, was ek net betyds om 'n Boesman by die grotopening te sien uithardloop. Ek het uitgehardloop, maar kon geen spoor van hom vind nie.*

Thomas Ackerman

Die volgende dagboekinskrywing is geïmproviseer op grond van David Livingstone se ervarings

*Sjoe, dit was 'n uitputtende dag vandag. Ons het vroeg opgestaan vanoggend, want die muskiete het ons te veel gepla gedurende die nag. Nadat ons 'n entjie geloop het, het ons 'n oorverdowende gedruis gehoor. Dit was 'n gróót waterval. Een van my draers sê toe ek moet omkyk en in die rivier staan 'n groot dier met twee horings op sy neus. Ek het gedink dit lyk baie na 'n perd en ek noem die dier toe 'n "rivierperd". Die waterval noem ons sommer die "Victoria-waterval" na my geliefde koningin in Engeland.*

Maritz du Toit.